# KouPos 3.2025



**PRYS HOM, DIE HEMELVORS**


(Lied 202, uit die LIEDBOEK van die Kerk)

"Prys hom, die Hemelvors, op sy verhewe troon;
Loof Hom aan Wie die hemelkoor hul hulde steeds betoon.
Aan Hom, die Skepper-heer, kom toe die eer en mag,
Sy Woord het alles voortgebring – roem ewig sy gesag.

Loof Hom, die Lam van God, want Hy's vir ons geslag.
Hy het ons met sy bloed gekoop; besing sy reddingsmag.
Uit elke stam en taal het Hy ons vrygemaak;
sy koninkryk, sy preisterdom – dit het Hy ons gemaak.

Lof, eer en heerlikheid, die wysheid en die krag
behoort aan God daar op die troon en aan die Lam, geslag.
Tot in die ewigheid sal ons die lied laat hoor;
die hele skepping oraloor roep "Amen" in 'n koor."






# INHOUDSOPGAWE.


| | | |
|---|---|---|
| UIT ONS PASTORIE - ONS BLY LEKKER IN DIE KAROO | p. | 4 |
| - GELOOFSVERRYKINGSNAWEEK | p. | 5 |
| PLAASLESSENAAR | p. | 6 |
| IETS ALLEDAAGS | p. | 7 |
| LIEF & LEED | p. | 9 |
| ‘n HELDER OOMBLIK | P. | 12 |
| GEOPENDE DEURE / OPEN DOORS | p. | 13 |
| KOMBERSIES GAAN ELDERS | p. | 15 |
| SKAAPTREK | p. | 17 |
| WARE WOORDE | p. | 21 |
| NUUSBROKKIES | p. | 23 |
| DIE BASAAR | p. | 26 |
| INKLEURPRENT | p. | 27 |
| GEMEENTE BESONDERHEDE | p. | 28 |
| GEEN GEBOU KAN GOD SE KERK VASKEER NIE | p. | 28 |


“Ek kan nie sê: “God het my uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees ómdat ek is wie ek is en ómdat ek maak soos ek maak” nie. Daardie “omdat” sal met ‘n “ten spyte van” vervang moet word: “God het my uitverkies…ten spyte van die feit dat ek is wie ek is!”

~ DIE BYBELLENNIUM

“Daarom, broers, moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het.” ~ 2 PETRUS 1:10

## ONS BLY LEKKER IN DIE KAROO.

"Hoekom bly jy dan aanhou boer in die Karoo?"

"Omdat ek wil! My oupa was hier, my pa het op dié plaas geboer en nou is ek hier. Ek glo my seun sal eendag hier woon en op dié plaas boer."

Die bostaande vraag het ek min of meer 'n jaar gelede vir een van ons boere gevra. Die reguit en eerlike antwoord begin vir my baie sin maak na 'n jaar in Merweville. Ek glo die Here wil my en Esterina hier hê, die Heilige Gees het ons Merweville toe gebring. Maar ek is ook hier, want ek wil graag hier wees!

'n Jaar gelede het 'n verwoestende wind ons hier ingewaai en die Karoo word lekkerder en lekkerder!

Wyle prof. Ferdinand Deist parafraseer Paulus se woorde uit die Lewende Bybel, "Ek het geleer om altyd vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is … Ek weet wat dit is om gebrek te lei (ek voel aan die een kant só bevoorreg en soms skaam omdat ek eerlik waar nog nooit soos Paulus, só gevoel het nie) en ek weet wat dit is om oorvloed te hê (my hele lewe is een van oorvloed. God se genade vir my, my familie en vriendekring, was nog altyd baie!) Ek het die geheim geleer … om vergenoeg te wees. Ek het die krag om alle omstandighede te bowe te kom deur die krag wat Christus my gee." Toe ek dié stukkie lees, het die boer se woorde 'n jaar gelede soveel sin gemaak.

By prof Deist het ek baie geleer: om vergenoeg te wees; wat jy hét, tel; ook dít (negatiewe goed) sal end kry; die Here is bý ons; hou áán; bid gedurig; rig jou gedagtes op dit wat reg en mooi is; skep moed en lééf!

Ons dank en eer ons Here vir die heerlike en suksesvolle Dankfees – die opmerking óók n.a.v. die mooi syfers!

Mag die pad na Kersfees nat, afdraend en geteer wees!

Danie Pretorius (VDM)

## GELOOFSVERRYKINGSNAWEEK.

"Wat is jou skeppingsdoel? Hoe pas jou persoonlikheid aan by dit waarvoor die Here jou wil gebruik? Wat is jou sterk punte? Dit, en nog meer is waarmee 13 kursusgangers hulle besig gehou het oor die naweek van 25-27 Julie 2025. Die kursus is deur Christene en Charl Marais aangebied met die tema: **Leef jou doel!**

Daar is geluister, gesels, verskil, geëet en geëet, heerlik geëet, te veel geëet!. Daar is met mekaar gedeel, na mekaar geluister, saam die teenwoordigheid van ons Hemelse Vader gesoek en ervaar, saam kerk toe gegaan en mekaar bemoedig. Daar is vraelyste ingevul en elkeen was verstom oor hoe akkuraat elkeen se persoonlikheid beskryf is. Daar is raad uitgedeel en elkeen kon verstaan hoekom hy of sy op 'n spesifieke manier op iets reageer en optree, en nie een is verkeerd nie. Dit was interessant om die brein se aandeel in ons spirituele en emosionele persoonlikheid en ervarings te kon aanhoor.

Dit het 'n mens net weer laat besef hoe uniek elkeen van ons is. Elkeen van ons het 'n nuttige en waardevolle plekkie in God se Koninkryk, ook nou hier op aarde! Ons mag nie ons talente en daarwees, eerstens vir ons medegelowiges en ook ander wat ons pad kruis onder 'n maatbeker sit nie. Ons moet dit gebruik, sodat ons vir elkeen 'n bietjie van Christus laat ervaar, laat sien, en te laat smag om deel van hierdie Koninkryk te mag wees.

Omdat ons Vader net die beste vir jou wil hê is dit so belangrik om moeite te doen met jou verhouding met Christus. Ontmoet Hom in die Bybel, praat met Hom en die belangrikste, doen wat Hy van jou vra.

Dit is om jou doel hier op aarde uit te leef…"

Esterina Pretorius.

"The most common way people give up their power is by thinking they don't have any." ~ ALICE WALKER

# PLAASLESSENAAR

Verandering is ‘n gegewe en met getroude kinders is kanse redelik groot dat jy die een of ander tyd oupa of ouma gaan word. Die voorreg val ons toe op die 3de Augustus te beurt en steeds kan ek nie die presiese woorde kry wat daardie gevoel beskryf nie. Dis myle verwyderd van die skok toe ek die eerste maal tannie genoem is of selfs die oomblik toe die werklikheid deur gedring het dat ek waaragtig ‘n mamma is en verantwoordelikheid vir die bloedjie in my arms besef… Nee, hierdie ervaring is anders. Dis sagter. Dis oorweldigend teer en kosbaar. ‘n Grootse besef van genade en ‘n diepe dankbaarheid teenoor die Skepper.


Onlangs het Heleen de Haas, tydens ‘n FARR seminaar in Prince Albert, prakties gedemonstreer dat verandering deur die meeste mense gesien word as iets wat hul gaan verloor / iets wat wegval, eerder as dat iets bygevoeg word en dalk is juis dit die rede waarom ons meestal negatief daarop reageer. *Almal weet tog dat die grillerige ruspe moet verander, sodat die fraai skoenlapper sy opwagting kan maak*, maar wanneer verandering aan my gemaksone raak, skop ek viervoet vas soos ‘n steeks bokkapater by ‘n dipgat. Dan kos dit dreig en smeek of trek om die gewenste aksie te weeg te bring. Die spreekwoordelike bloed, sweet en trane is sommer nou deel van die pakket.

Tans is die seisoene weer aan die verander en ‘n nuwe energie klop daagliks saam’t die warmer weer in ons are. Ons klere en gesprekke word ligter, selfs opstaantyd voel skaflik met dié dat die son darem vroeër sy strale wys. Mag ons ingesteldheid en fokus dan ook eerder wees op die toevoegings of nuwe geleenthede wat verandering meebring en nie bloot op moontlike verliese nie, sodat ons arms wyer en verder kan strek in ons omgee en liefde.

Vriendelike plaasgroete,

Christel.





# IETS ALLEDAAGS!

“Ons word so maklik vasgevang in die alledaagse van ons lewe dat ons vergeet dat juis in daardie alledaagse soveel wonderwerke lê. Wanneer ons gekonfronteer word met ’n besering, siekte, ons lewe bedreig word of selfs die dood ons uit ons roetine wakker skud, kry die gewone alledaagse dinge ewe skielik ’n nuwe betekenis. Maar dit is juis dan dat die dinge wat ons as vanselfsprekend aanvaar het, weer sin en waarde kry.

In beseringstyd of siekte is dit moeilik om geduldig te wees wanneer ons liggame tyd nodig het om te herstel. Die meeste van ons rebelleer teen die voorskrifte om dit stadig te vat, sekere dinge nie te doen nie en om rustig te wees. Dit is dan dat ons dikwels die woordjie **dankbaarheid** nader pluk en weer afstof – dankbaarheid wat soos elke asemteug deel van ons lewe behoort te wees.

Esterina bied vir ons, die “Chairladies” elke Donderdagoggend die geleentheid om saam ons liggame te oefen. Die eerste les wat sy ons leer, is eenvoudig maar kosbaar: om met dankbaarheid die vars Karoolug diep in ons longe in te asem en dan weer stadig uit te blaas. Maag uit wanneer ons inasem en maag in wanneer ons uitasem – net soos ‘n baba wat nog nie die lewe se stres geabsorbeer het nie. Met elke rustige, bewuste asemteug kan ons weer dink oor die wonder van die lewe self.

En dan besef ’n mens dit weer, wanneer jy hoor van ’n vriend van ons kinders se kosbare klein seuntjie wat te vroeg gebore is en in die intensiewe sorgeenheid veg vir sy lewe. Sy grootste struikelblok is die ontwikkeling van sy longetjies. En ons word herinner: elke asem is ’n gawe, elke asem is genade.

Met elke oefensessie toets sy ons balans. Dat selfs jou klein toontjie ’n belangrike rol in jou balans speel, is merkwaardig. Dit laat my besef dat die geringste dinge in hierdie lewe kan veroorsaak dat ons ons balans verloor en struikel in ons wedloop na die ewige lewe. Selfs die kleinste en mees nederigste oefening het waarde – nie net vir ons liggaam nie, maar ook vir ons siel.

Ons liggaamshouding bepaal of ons tydens oefening beskerm bly teen besering. Esterina herinner ons elke keer om fier en regop te sit, die skouers te laat sak en beheer oor ons bewegings te behou. ’n Verswakking in houding plaas onnodige druk op die liggaam – en besering word dan meer waarskynlik. Net so geld dit vir ons geestelike lewe: as ons geloofshouding verswak, as ons nie geanker bly in Christus nie, kan die kleinste aanslag ons laat wankel. Ons moet ons houding bou op ons geloof in Jesus Christus. Hy is ons anker en ons fondament van waarheid. Só kan ons regop en sterk staan – selfs teen die storms van die lewe.

Charlie Kirk se lewensgetuienis dien as ’n sprekende voorbeeld hiervan. In sy debatte was hy onwrikbaar en het hy soos ’n rots gestaan teen enige aanslag. Sy vaste vertroue in die Here het hom gedra en sy houding gevorm – regop, sterk, en onwrikbaar in waarheid.

Mag ons leer om ook in die alledaagse hierdie lesse toe te pas: asem die lewe in met dankbaarheid, vind balans in die kleinste dinge, en bou ‘n rotsvaste houding op Christus alleen.

Nié-alledaagse groete vanuit die kantoor

Katinka.”



“Out of all my body parts, I feel like my eyes are in the best shape. I do at least a thousand eye rolls every day” ~ SANDI HEDGES (Facebook, Christian Humor)

# LIEF & LEED

*Ons harte treur saam met hulle wat geliefdes aan die dood moes afstaan en jubel saam met dié wat groot vreugdes ervaar…*

"Die Here is naby aan dié wat gebroke harte het. Hy red dié wat moedeloos is." Ps. 34:19

† **Dalene Mocke** is op 5 Junie 2025 oorlede.

† Theresa Ryan se oudste **broer** is op 16 Junie na 'n kort siekbed oorlede.

† Lopie Barkhuizen se swaer, **Christo Bouwer**, is op 9 Julie oorlede.

† Belia Muller se **broer, Lourens**, is op 14 Julie oorlede.

† **Johan van Zyl** is op 22 Julie oorlede.

† **Tannie Rina Botes** is op 1 September oorlede. Haar begrafnis was op Dinsdag, 9 September vanuit die NGK, Merweville.

**RAMKIEKIELIEDJIE (**INGRID JONKER**)**

*"Net waar ek gaan*

*is 'n pad voor my oop*

*wat skerp uit my oë*

*soos 'n litteteken loop*

*Hoe die dag ook verblou*

*of rooikam om my*

*ek volg net my hartseer*

*en die naambord is jy"*

Baie geluk aan Ken & Hermien Pargiter met die geboorte van hul kleindogter, Catherine Elisabeth Pargiter op die 9de Junie 2025.




Die babadogtertjie is Justin & Diana se klein poppie en ons glo sy sal nog baie by Oupa en Ouma in hul huisie in Merweville kom kuier en speel.

*"You may keep your son*

*till he finds a good wife,*

*but your daughter's your daughter*

*for all of her life."*

~ JACK

Quote from "What is a daughter"; familyfriend poems

Isabel Sofia Botes, Awie en Zanli se eersteling, is op 3 Augustus gebore. Oupa Antonie & ouma Christel se harte loop oor van dankbaarheid en liefde. Sy was 48cm lank en het 3.015kg geweeg by geboorte. Hierdie kleine mensie is so bevoorreg om steeds 4 oumagrootjies en 1 oupagrootjie te hê. Hulle is: ouma Thea Selders; oupa Bertie & ouma Isabel Hanekom; ouma Engela Botes en ouma Elsie Swart.








Charles en Colleen Muller het op 20 Augustus nog 'n kleindogter ryker geword.  Baie geluk aan Braam en Hanna Muller met jul dogtertjie,

Yaronah-Davidah, se geboorte. Die betekenis van haar naam is:

"The Beloved who sings for Joy".

Laerskoolhoof, Tertius & Zelna Bruwer se dogter, Xander is op Saterdag 23 Augustus 2025 by Volmoed in Hermanus met Marco van Niekerk getroud.

Baie geluk & seënwense op jul huwelikspad!





Baie geluk aan oupa Tolie en ouma Alida Victor, met die geboorte van hul eerste kleinkind.

Francois en Monique se dogtertjie, Lydia Victor is die 20ste September gebore. Sy was 51cm lank en het 3.65kg geweeg.




> "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie langer verhinder nie, want die koninkryk van God behoort aan mense soos hulle." ` MARKUS 10:14b AFR20

## 'n HELDER OOMBLIK

"Wederhelfte lê in sy teaterjurk en wag vir die personeel om hom te kom haal. Ek en Alida sit met gemengde gevoelens langs die bed. Die uitslag van die longtoetse kan enige kant toe gaan.

Alida doen 'n gebed vir haar pa en met die "amen" skaars uitgespreek, kom fladder twee tortelduiwe teen die kamerruit. Ons drie kyk sprakeloos na mekaar, want op daardie oomblik ervaar ons iets baie spesiaal: die Here se intense teenwoordigheid.

Vrede wat alle verstand te bowe gaan, kom lê tussen ons…



*~ Langs hierdie weg wil ons gesin graag almal bedank wat die afgelope tyd vir ons gebid, gebel en besoek het. Ons waardeer dit opreg.*

Ebeth Bothma."


# OPEN DOORS / GEOPENDE DEURE

Let us not forget those who are persecuted for their belief in Jesus Christ, our Saviour and remember to use our freedom to honour Him daily.




†






†

"Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy unieke Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê." Joh.3:16 AFR20

"God is lief vir die mense, daarom het Hy sy Seun gegee. Daar is niemand soos die Seun nie. Elkeen wat in Hom glo, sal nie verlore gaan nie, maar sal die ewige lewe hê. Joh3:16 ABA (Bybel vir almal)

"For God loved the world in this way: He gave his one and only Son, so that everyone who believes in him will not perish but have eternal life." John 3:16 CSB (Christian Standard Bible)

# KOMBERSIES GAAN ELDERS

Ek moet eers verklaar dat die kombersies uiteindelik NIE aan GEOPENDE DEURE geskenk is nie, omdat GD nie fisiese items in die lande waar vervolging plaasvind mag inneem nie. *Baie jammer hieroor, maar ek het nie vooraf my huiswerk behoorlik gedoen nie.*

Die 34 kombersies (met hul hartjies daarop vasgewerk) is wel op 3 September in 6 Large Paxi pakkies na THERE4MINISTRIES se adres in Gqeberha (PE) gestuur.





Wat doen THERE4MINISTRIES? Hul bemoedig en bemagtig vervolgde Christene en doen **Dissipelskapopleiding** in die Midde Ooste. Janine het 'n paar jaar gelede 'n groepie vroue van Merweville besoek en ek was verstom oor haar kennis van die Bybel en haar getuienis van die Here se beskerming en leiding, tydens hul werk in Moslemlande.

Indien als volgens plan verloop vlieg hul DV weer die 1ste Oktober en sy noem dat hierdie skenkings die 4de Oktober aan mense in Egipte oorhandig sal word. Indien al die pakkies nie in die bagasie pas nie, sal hul oor 'n paar weke die res elders versprei. (Daar pas so 3 kombersies in 'n vakuumverpakking).



Baie dankie aan elke persoon wat 'n kombersie geskenk het – ek weet ook daar is steeds 1 of 2 wat nog oppad is en ek stuur hul met graagte anderdag. Dankie ook aan die gemeente van Laingsburg wat vir ons 3 kombersies geskenk het.

Kom ons onthou om te **bid vir**:

- …die beskerming van Christene reg oor die wêreld - ook vir predikante, pastore, sendelinge wat soms in baie moeilike en selfs lewensgevaarlike omstandighede werk
- … vir volharding in geloof in Jesus Christus.
- …vir voedsel en blyplek
- …dat ons nie die vervolgde kerk (medegelowiges) sal vergeet nie
- En dat hulle wat die kombersies ontvang, sommer net Jesus se liefde deur mense-omgee sal ervaar.





| Matteus 6:33 "MAAR SOEK EERS DIE KONINKRYK VAN GOD EN SY GEREGTIGHEID, EN AL HIERDIE DINGE SAL VIR JULLE BYGEVOEG WORD." ~ AFR20 |
| --- |

# SKAAPTREK 2025

Dit is nou op 2 dae na presies ’n jaar sedert ons uit Merweville verhuis het. Ek en Priscilla ry Sondag 29 Junie na middagete uit na die Hatting’s (Frans en Marisa) se plaas toe. Ons gaan eers ’n rustige nag in die veld deurbring, lekker laat opstaan en dan die trek by die Koupstasiepad inwag. Hoe heerlik is dit nie om weer in die Karooveld uit te span nie. Dis ’n heerlike agtermiddag. Na ons die daktent opgeslaan het, sit ons heerlik in die sonnetjie en bak. Toe die son sak gaan ons tent toe, want die koue laat nie op hom wag nie.

Toe ons ’n draai moet loop later die aand, toe ons oë al aan die donker gewoond is, is dit of jy duisel van die manjifieke skouspel van sterre wat kolk en draai. Die skerpioen lê reg bokant ons, ’n entjie laer die Suiderkruis. Die gewemel van sterre laat my dink aan Vincent van Gogh se skildery Sterrenag. Ek wonder of dit nie nog méér besonders sou wees (as dit moontlik is) as hy die Karoo se sterreprag sou skilder nie.

Vir ons is om met ’n tentjie in die veld te verkeer, digby die hemel. En so het ons die saligste nagrus in die stilte van die Karoo. Toe ons opstaan, is ons toiletsakkies wat buite gestaan het, wit geryp. Die luggie is skraal, maar die son maak dit spoedig beter. En so breek die heel eerste dag aan waarop ons gaan help met die trek van die vee uit die Koup na die Karoo by Matjiesfontein.

Ons ontmoet die trek by die grootpad. Van ver af hoor jy die onophoudelike geblêr van die skape. Op hierdie trek leer ek dat die geblêr is die manier waarop die ooi en die lam mekaar vind. Dis ook kostelik om te sien hoedat sommige ooie na hul lammers kom soek en ruik aan elke lam wat hulle teenkom om so hul eie lam te vind.

Die veld is droog, maar die diere se kondisie is goed. Behalwe vir Frans en sy gesin, die werkers en die skaaphonde, is hier ’n hele klompie ander mense wat ook, soos ons, vir die ervaring saamtrek. Dit maak die hande meer en die las ’n bietjie ligter. Opstaantyd is 05h00. Dan is Frans so vrolik soos ’n budgie wat pas saad gekry het. Dit jil en gesels en gaan tekere. Almal pak op, maak vuur, drink ’n koffietjie ensovoorts. Met eerste lig, ongeveer 07h00, word daar begin om die skape aan te jaag.

Dis ons eerste ervaring van ’n skaaptrek, so baie dinge is vir ons nuut en vreemd. Probeer nou ’n skaap in die veld vang en hy hardloop soos ’n bekwame naelloper. Maar as die trop so saamtrek, moet hulle voortdurend aangepor word. Dis waarvoor ’n tak uit die lammerlatbos so geskik is. Daarmee kan mens op die agterhoede sagkens die ooie en die lammertjies aanpor met ’n sagte stryk van die lammerlat. *Ek het ook nie besef dat die trop so stadig beweeg nie. Dis vir ’n mens meer drentel as stap. Die norm is ongeveer 3km per uur.*

Langs die pad is daar nog ooie wat lam. Hulle en die lam word dan opgelaai op ’n bakkie en die aand teruggeneem Sandstraat toe, of na die plaas by Matjiesfontein as dit nader is. Wanneer ons ander al lankal klaar geëet is of dalk al selfs in die bed is, kom Frans eers van hierdie ekskursies terug.

Dis lekker en ontspanne vir die wat bloot saamtrek. Vir die eienaar en sy gesin egter ’n spanningsvolle verantwoordelikheid. Ons het net gery en by hulle aangesluit. Hulle moes egter dinge op Sandstraat afrond en klaarkry, toemaak en toesluit vir die ongeveer 5 maande wat hulle weggaan wees. Verder moet Die Rante by Matjiesfontein ook reggekry word vir hulle koms. Klere, gereedskap, skoolboeke, proviand, dit alles moet haarfyn beplan word en saamgeneem word. Dis ’n groot logistieke onderneming, en hulle kry dit klaar met die grootste gemak.

Om só te voet met die vee te trek is iets wat eintlik tot ’n vroeër tyd behoort. Dis eintlik vreemd aan ons huidige era. Die mense wat nog kans sien vir so ’n moeisame en amper primitiewe onderneming is dun gesaai. Ek haal my hoed af vir Marisa wat die gebrek aan geriewe en die ongerief van die hele operasie met grasie hanteer. En moenie dink sy lyk soos ’n agtertangse ou tannie nie. Nee, sy is netjies aangetrek met oorkrabbetjies in die ore en lyk so pragtig soos altyd.

Daar is genoeg ontbering tydens so ’n trek. Ek is meer van ’n somermens, so die koue in die oggend en aand is nie vir my so aangenaam nie. Dikwels waai die wind en is dit snerpend koud. Voeg nog daarby die feit dat dit nog gereën het ook op die pad. Dan is daar nie tyd vir kleinserigheid nie. Jy moet die hoed laer oor die oë trek en aanhou stap, dikwels deurnat. Jy hoop maar jou klere

kan deur die nag ’n bietjie droër raak, want môre moet jy dit maar weer aantrek.

Die trek is ’n manier van doen wat ’n mens baie ná aan die grond bring. Die skape hou jou besig, maar daar is tog tyd om die plante te beskou, te kyk hoe die veld verander, hoe die klippe en elke area lyk, om die diertjies en insekte en voëls dop te hou. Om in die rook langs die vuur te sit en meer primitief te slaap. (Frans en die seuns slaap onder die oop hemel op die grond). Maar ook die gedrag van die skape en lammers en die skaaphonde is interessant om te sien terwyl jy stadig beweeg. En terwyl mens so stadig aanbeweeg, is daar nog kans om jou te verwonder aan die wye oop vlaktes, en die berge op die horison en die prag van die son wat opkom.

Dis natuurlik heerlik om saans en soggens vroeg om die vuur te sit en gesels, koffie te drink en ietsie te eet. Hier word gelag en stories vertel vir ’n vale. Dis ’n lekker manier om die dag te begin en dit ook so af te sluit.

Baie opmerklik is wat hierdie soort lewe aan die kinders doen. Ons staan verstom oor die volwassenheid en verantwoordelikheidsin van die twee seuns. Sonder om te mor of lyf weg te steek is hulle van douvoordag tot laataand besig om te help dat alles reg en klaar is. Hulle is in dié opsig hul portuurgroep waarskynlik etlike jare voor.

Die uitdrukking: ’n Boer maak ’n plan, sien jy met die trek voortdurend voor jou oë afspeel. Daar is geen einde aan die innovasie om alles te laat geskied nie. Die Trein is 3 bakkies en 1 sleepwa wat almal aan mekaar gehaak is met een bestuurder. Soms moet die Trein vanweë die terrein in 2 gedeel word, en dit moet nie jare neem nie. Dis eintlik ’n lus om te sien hoe vaardig en spoedig al hierdie dinge gedoen word en watter planne nie alles daarvoor bedink is nie.

Ons weet almal wat ’n vakansie by die see, of om saam te gaan uitkamp kan doen om ’n gesin saam te snoer. Ek sien dit ook so treffend op hierdie trek, hoedat hierdie gesin heg saamgesnoer is. Dit het natuurlik met meer as die trek te doen, maar die trek speel ook ’n baie groot rol daarin. Daar is 2 geleenthede elke jaar wanneer hulle as gesin sáám hierdie groot onderneming

moet aanpak, en die feit dat hulle dit so saamdoen, bring ’n samehorigheid wat ’n geweldige waarde het in die gesins-opset.


Tydens die trek is jy natuurlik die hele tyd saam met jou diere, jou skape, jou bokke en jou honde.  Jy spandeer ’n week in baie noue kontak met hulle, meer as normaalweg.  Jy stap saam met die skape en jy slaap saam met die skape. Soms moet ’n lammetjie wat te swak is, ’n lang ent gedra word.  Voordat ek self aan die trek meegedoen het, het ek al heelwat foto’s daarvan gesien.  Baie opvallend was die foto’s waar een van die gesin met ’n skaaplam, ’n boklam of ’n hond op die skoot sit.  Die trek doen ’n groot deel om jou aan jou diere en die natuur te bind.

Priscilla sê: “Die trekpad was ook vir my simbolies van die lewe.  Soms sien jy hoe Frans of een van die ander ’n lammetjie wat agterraak om die nek drapeer en so vir ’n tyd lank dra.  As die lewe moeilik raak dan, dra die Goeie Herder jou ook só op Sy skouers óf onder Sy blad, naby aan Hom.  So kan jy rustig raak, bietjie verligting ervaar van jou lewe se swaar, maar ook bietjie rus.  Die ooi bly soek na haar lam, sy roep en die lam herken haar blêr. Die ooi bly ruik aan die lammers om haar lam of lammers te eien, sy draai selfs om en roep en stap sommer dwarsdeur die trop.  Ag en die lammertjies is net so oulik. Huppel en spring en speel te midde van die lang dag!”

Die trek is vir my eintlik simbolies van ’n lewe van eenvoud.  Dis nie die hoë lewe nie, dis nie die opsienbarende lewe nie.  Dis ’n lewe van eenvoud, ná aan die grond, ná aan die diere en die natuur, ná aan mekaar.  Dit simboliseer op ’n besondere wyse vir my die skoonheid wat daar is in eenvoud.

Die skoonheid van eenvoud.

Herman Burger (Julie 2025)



**Psalm 23:1-3** “Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen wievelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam.”

# “WARE WOORDE.

1. Die beste manier om iemand terug te kry, is om te vergewe.
2. Voed jou geloof en jou twyfel sal omkom van die hongerte.
3. Tensy jy die hele Skepping in 6 dae kan skep, is dit miskien nie so ‘n goeie idee om God voor te skryf nie.
4. Hartseer kyk terug; kommer kyk rondom hom en geloof kyk na bo.
5. Suksesvolle huwelike is nie om die regte persoon te vind nie, maar om die regte persoon te wees.
6. Dit is nie verkeerd om so nou en dan op jou selfbejammeringspotjie te sit nie, maar maak net seker dat jy spoel nadat jy klaar is.
7. As die gras groener is aan die ander kant van die draad, kan jy seker wees die water rekening is ook hoër.
8. Woede is ‘n toestand waar die tong vinniger werk as die verstand.
9. Jy kan nie die verlede verander nie, maar jy kan die huidige ruïneer deur te bekommer oor die toekoms.
10. God gee altyd Sy beste aan hulle wat die keuse aan Hom oorlaat.
11. Alle mense glimlag in dieselfde taal.
12. ‘n Drukkie is ‘n groot geskenk & “one size fits all”.
13. Almal verdien om bemin te word, veral hulle wat dit nie verdien nie.
14. Die werklike maatstaf vir ‘n man se rykdom is wat hy belê het in die lewe hierna.
15. Elkeen het skoonheid, maar nie almal kan dit sien nie.
16. Dank God vir wat jy het en VERTROU hom vir wat jy benodig.
17. Indien jy jou hart vul met verwyte oor gister en die bekommernisse van more, het jy geen vandag om voor dankbaar te wees nie.
18. Indien iemand iets slegs van jou sê, leef so dat niemand dit glo nie.
19. Geduld is die vermoë om “jou enjin te laat “idle”, terwyl jy eintlik voel jou “gears strip”.
20. Harde woorde breek nie bene nie, maar harte.
21. Liefde word versterk deur saam deur konflik te werk.
22. Om uit die moeilikheid te kom, moet mens gewoonlik daar deur.
23. Ons neem as vanselfsprekend die dinge waarvoor ons moet *dankie* sê.

24. Liefde is die enigste ding wat verdeel kan word, sonder om te verminder.
25. Neem tyd om te lag, dit is musiek vir die siel."

~ Ingestuur: Anna Oosthuizen.

Spreuke 4:23 "Bewaak jou hart meer as enigiets wat bewaar word, want daaruit ontspring die lewe." AFR20

Johannes 13:34 "Ek gee julle 'n nuwe gebod: Julle moet mekaar liefhê. Net soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê." AFR20



"How wonderful it is that nobody needs to wait a single moment before starting to improve the world." ~ ANNE FRANK

## NUUSBROKKIES

- Die **DAILY TELEGRAPH** van 13 Augustus 2025 het toe sowaar 'n paar oud-Merweliete by hul krieketfoto's! Die foto is geneem tydens die tweede van 3 T20 krieket toetswedstryde tussen die Proteas en die Aussies, in Australië en ook die tweede wedstryd tussen die 2 spanne in Darwin. Dit was die eerste keer dat toetse in Darwin gespeel is en die Proteas het met 50 lopies gewen!




<u>Vlnr</u>: Alex Lemke; (Ds) Jannie de Bruin – *wat blykbaar spyt is dat hy sy Sharks vlag tuis vergeet het* 😊; Dr. Joretha de Bruin; Hanette Lemke en voor staan Melissa Lemke. (Ongelukkig was Jannie-hul se skoonseun, Gustav op daardie stadium nog by die werk en het eers later by die groep aangesluit).


> "Ek dink nie God is so vreeslik ernstig nie, want dan sou Hy ons mos nie met die gawe van lag en 'n sin vir humor geseën het nie."
>
> ~ SYDNEY HARRIS

- Die 2de September was dit die lieflike, groot kandelaar in die Kerkgebou se beurt om behoorlik gepoets te word. Dankie, Zena & jou span vir jul groot taak.

*Nou moet ons weer 'n donkerbril dra vir die weerkaatsing* 😊



- Dié stukkie geskiedenis verdien steeds 'n reuse applous!





30 jaar gelede het ons huidige leraar Ds Danie Pretorius, die Comrades voltooi! En dit was nie sy enigste nie: hy het dit wraggies 10 x gedoen!

Welgedaan, dominee!

- "**Wakker Wessie van Wilgenhoutsdrif vra:** ***Beste Oupa Stoep, ek is baie bekommerd oor een van my mede-ouderlinge. Hy dut gereeld in tydens die erediens en die snorkgeluide wat hy maak, word al hoe harder. Dink Oupa ek moet hom kort-kort in die ribbes pomp?***

Beste Wessie, Oupa sal jou ten sterkste afraai om enige fisiese kontak met 'n sluimerende broeder langs jou in die ouderlingsbanke te maak. Dit kan vreemde dinge tot gevolg hê. So het dit een keer gebeur dat 'n slapende ouderling toe hy 'n stamp kry om hom wakker te maak, dawerend uitgeskreeu het: *Hiert, jou maaifoedie!* Dit het nogal afbreuk gedoen aan die stigtelikheid van die erediens…
Dis helaas 'n onwelkome simptoom van ouer word. Jy het 'n groter geneigdheid om die droomwêreld te betree al probeer jy jou bes om wakker te bly. En daar is geen waarborge wat gaan gebeur as jy wakker skrik nie.

So hoor Oupa van 'n formidabele ouderling wat beide kolporteur (dis die gemeentelike boekesmous) en kategesehoof in 'n buurgemeente was. Hy het bietjie ingedommel terwyl sy dominee 'n lang lys afkondigings hanteer het. Die dominee sê toe op 'n kol dat almal wat die volgende Sondag hul kindertjies ten dope wil hou, asseblief by oudl Van Niekerk moet aanmeld vir doopkategese. Die ingedommelde ouderling skrik by die aanhoor van sy naam wakker en dink toe dat die dominee praat oor bestellings vir die nuwe *Liedboek*, wat pas verskyn het en beskikbaar was in gewone of grootdrukformaat. Die deur-die-slaap-ouderling spring toe op en lig die voornemende doopouers in: *Onthou asseblief, dis R150 vir 'n kleintjie en R200 vir 'n grote!"*
*aangehaal uit: Stoepstories: Oudl Rip van Winkel*
https://nhka.org/stoepstories-oudl-rip-van-winkel/



"I don't know how many coffees it takes to be friendly, but so far it's not twelve…" ~ CARLA BROWN (Facebook, Christian Humor)

## DIE BASAAR

Opgedress soos vir die werk.

Spanning, tombola en koeke word gemerk.

Dis basaar by Merweville kerk.

Hier is dit nou

Die oomblik van troef

Die dominee se ooglede val stadig,

soos 'n geroeste garage deur,

Toe

Dan… die bid…

"Amen"

Dis chaos by Merweville kerk…

~ Herman Lombard.



"'n Hartlike lag is een van die beste geneesmiddels ter wêreld. Wie daarin kan lesgee, sou een van die grootste weldoeners van die mensdom kon word."
~ OTTO LEICNER

"Waarlik, sy toorn duur net 'n oomblik, maar sy goedheid lewenslank. Gisteraand was daar nog trane en vanmôre lag ek al weer." ~ PSALM 30:6

**INKLEURPRENT**



“God het gesê: “Laat die land lewende wesens voorbring volgens elkeen se aard: mak diere, kruipende diere en wilde diere van die land, volgens elkeen se aard.”Dit het toe so gebeur.” GENESIS 1:24, AFR20

## GEMEENTE BESONDERHEDE

**LERAAR**: Ds. Danie Pretorius (072 580 1866)

**KOSTER & ORRELIS**: Zena van Schalkwyk (083 317 2412)

**SKRIBA-KASSIER**: Tinka Botes (072 087 1008)

**e-pos**: ngkerkmerweville@gmail.com

**Kerkkantoorure**: Woensdae: 9h00 – 13h00; 14h00 – 17h00

Donderdae: 9h00 – 13h00; 14h00 – 16h00

## GEEN GEBOU KAN GOD SE KERK VASKEER NIE

"God se kerk het nie mure nie. Dit loop in die strate van die Oekraine, waar 'n eenvoudige ontmoeting tussen 'n man en 'n dogtertjie hoop te midde van die oorlog bring.

Dit sit om tafels in klein gemeentes, waar mense ontdek dat die Gees selfs deur dans en eerlike gesprekke werk. Dit lê ook tussen argiefstories en musiek uit die verlede.

Dit verhuis saam met 'n kantoor na 'n nuwe adres, want kerk is nooit net bakstene en stoele nie, maar mense wat beweeg om beter te dien. Dit fluister in die hande van dowes wat vir die eerste keer die Bybel in hul eie taal kan lees.

Die kerk het nie mure nie, net mense wat dra en deel en glo…."
~ Aangehaal uit KAAPKERK, 12 September 2025.